Mei 11, 2023

PERSVERKLARING

Vir Onmiddellike Vrystelling

**KENNISGEWING | VRYSTELLING VAN DIEREGESONDHEID BIOSEKURITEIT TEGNIESE TAAKSPAN VERSLAG**

Die Nasionale Dieregesondheidsforum (NDGF) neem met dank kennis van die vrystelling van die verslag van die Ministeriële Taakspan oor Dieregesondheid Biosekuriteit. Ons dra ons waardering aan die Agbare Minister Didiza oor vir die vrystelling van die verslag.

Die NDGF wil die Minister geluk gewens met die begrotingsrede en die konstruktiewe en deursigtige debat oor die begroting.

Die NDGF tesame met die nege Provinsiale Dieregesondheidsforums, is daartoe verbind om die aanbevelings van die Taakspan toe te pas vir die kort-, medium- en langtermynplanne wat in die verslag aanbeveel word om die doelwitte van die Landbou Meester Plan (LMP) te realiseer.

Die NDGF besef dat informele en formele vennootskappe tussen die openbare- en privaatsektor noodsaaklik sal wees om hierdie aanbevelings te realiseer. 'n Spanpoging tussen die regering en die industrie is derhalwe noodsaaklik om die dieregesondheid- en biosekuriteitsuitdagings die hoof te bied.

Die NDGF ondersteun ook die aanbeveling van die Taakspan om die Wet op Dieresiektes te vervang met die reeds ondertekende Wet 7 van 2002 (Wet op Dieregesondheid), wat sal meehelp om baie van die probleme wat in die verslag uitgewys is met veeartsenykundige dienslewering, aan te pak en op te los.

+27 (0)83 393 7228
admin@nahf.co.za
www.nahf.co.za
NAHF@MPO, No 86 Watermeyer Street, Meyerspark, Pretoria
PO Box 95315 Menlo Park 0081

*The National Animal Health Forum NPC*
*2018/117376/08 | 0833937228*
*admin@nahf.co.za | www.nahf.co.za*

**BOARD OF DIRECTORS**
Mr Gerhard Schutte (Chair),
Dr Gideon Brűckner (Independent Director)

Openlike en konstruktiewe samesprekings is met die Minister en haar bestruuspan gevoer oor die die huidige krisis met die verskaffing van entstowwe vir belangrike dieresiektes. Ons waardeer dit dat sekere oplossings reeds gerealiseer het. Die NDGF is in die proses om voorstelle te maak ten einde die spoedige vrystelling en verspreiding van die krities-benodigde entstowwe te verseker.

Die NDGF is van mening dat die OBP 'n nasionale strategiese sleutelpunt is vir entstofproduksie en dat die Instituut saam met die privaatsektor 'n rol sal moet speel om entstowwe te vervaardig - nie net vir Suid-Afrika nie, maar ook wêreldwyd.

Om die oplossings te implimenteer wat in die verslag genoem word, is dit baie duidelik dat die fokus na kollektiewe implementering moet verskuif. Die NDGF namens die diereproduksie- en dieregesondheidsbedryf is verbind om hulle volle ondersteuning beskikbaar te stel.

Die NDGF versoek vriendelik dat ‘n formele implementeringsplan gefinalisser word om die aanbevelings van die verslag te implimenteer en sal graag deel wil wees met die opstel en imlementering van so ‘n plan.

---


**<u>Navrae:</u>**

**Mnr Gerhard Schutte**
**Voorsitter**
**Nasionale Dieregesondheids Forum**
**Gerhard@rpo.co.za**
**082 556 7296**

**Me Marzanne Roets**
**Nasionale Koordinator**
**Nasionale Dieregesondheids Forum**
**admin@nahf.co.za**
**083 393 7228**